**Mnr. Moerdyk se Plan.**

Die aanleg van die meeste dorpe in ons land is beheers deur noodsaak om wasoveel moontlik erwe van lopende water te kan voorsien. Dus was reglynige strate met 'n afdraend skema van watervore 'n eerste vereiste. Diagonaal-strate, hoe bevorderlik ook vir grote-stadsverkeer, kom nie in aanmerking in die dorp-stelsel van ons vadere. Vandag het ander vereistes ontstaan. Watertoevoer geskied deur pype; en water-afvoer deur riole. Daarenteen voel tans elkeen die ongemak dat, om na die stasie of dieretuin te gaan, daar nie 'n direkte verbinding is van uit die Weste of Ooste nie. En hoe groter en volkryker Pretoria word, des te meer sal die afwesigheid van 'n diagonaal-sisteem betreur word. Mnr. Moerdyk verdien dank van sy stadgenote vir die moeite, wat hy geneem 't om 'n plattegrond van die hoofstad te ontwerp, wat 'n oplossing be-oog van die dwars-strate vraagstuk, en tegelyk 'n geskikte plek vir 'n stadhuis vertoon. Die ontwerper van hierdie plan het onlangs Amerika en Europa bereis en met die ekspert-oog van 'n argitek bekyk. Amerika is ryk aan mooie, planmatig geboude bevolking-sentra; Europa is ryk aan voorbeelde van middeleeuse stede, wat in die loop van tye op radikale—en kosbare—manier gemoderniseer moes word. Die koste van vernuwing van één enkele Londense spoorweg-stasie word op 15 miljoen p. st. geraam! Uitvoering van 'n hoognodige dwars-straat plan lê heden nog in Pretoria se finansiële bereik. Mnr. Moerdyk se idee is derhalwe die aandag van ons stadsvaders waardig. Die moontlike koste van sodanige plan behoort sorgvuldig bereken te word. Daarna eers is gesonde kritiek moontlik. Sou 'n informéle vergadering van belangstellendes miskien 'n goeie middel wees om die bal aan die rol te set?

Die Volkstem:— 6-5-30.